

## **Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte (b1c4d6)**

Toespraak by die Gereformeerde Gemeente Carltonville se kerkkamp

9-11 Februarie 2018

**1**

***O My God, ontferm U oor my  
In my diepe ongeluk;  
Eensaam is ek – o verhoor my! –  
Gans ellendig en in druk.  
Om my heen, aan alle kant,  
Is die skrik van duisend dode;  
Laat dan, HEER, u regterhand  
My verlos uit alle node.***

... en met hierdie woorde uit Psalm 25:8 is Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte op 9 November 1873 op sy sterfbed op sy plaas Buffelsdoorns deur sy omstanders singende gegroet.

Voor die aanhoor van sy laaste Psalm op aarde, bid hy van harte in gees en waarheid vir hulle wat agterbly 'n laaste roerende en kragtige gebed tot God die Almagtige Vader – 'n gebed wat ter wille van Christus, ons Voorspraak, en deur die Heilige Gees se onuitspreeklike sugtinge, in daardie sterwensuur voor God se troon van genade gebring is:

***Mag julle en jul nageslagte voortbou op die fondament waarop die Gereformeerde Kerk gebou is.***

PJW Schutte dank God vir Sy genade wat Hy in die tye van nood en stryd geskenk het ...

Hy dank God vir bouwerk wat gedoen is en hy bid vir seëninge op die bouwerk wat nog in die toekoms gedoen moet word. Bouwerk in God se koninkryk sal daar altyd wees, maar waak hoe julle bou.

***Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. (Efes 2:20)***

Jesus Christus, die Hoof van Sy kerk, vergader, beskerm en onderhou Sy kerk deur Woord en Gees. Sonder Christus is die liggaam, die kerk, dood.

PJW Schutte het in sy laaste oordenking op aarde goed gewet wat Christus vir Sy liggaam, Sy kerk, hier op aarde bedoel het. Sy ywer en bedoelinge was Christus alleen - ***want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.*** (1 Kor 2:2)

En deur die geskiedenis heen, lank gelede, was daar nes PJW Schutte, groot manne wat Christus in Sy kerk as diensknegte gebruik het.

## 2

Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk wêreldwyd en in Suid-Afrika is 'n duidelike getuigenis van God se beloftes wat waar geword het – God het in Christus deur al die eeue heen vir Hom 'n kerk vergader, beskerm en onderhou ... Deur al die eeue heen, is God aan die werk. Menslik gesproke lyk die pad soms donker, asof die ware kerk gaan tuimel, dan hou God Sy beloftes en stuur God se diensknegte wat die lig-fakkel van die Woord weer in donker ure op laat vlam. Baie kere wil God se kinders hulle kop in ongeloof laat sak, dan roep God se beloftes ons tot aksie ... **op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie** (Matt 16:18).

Die geestelike kloue van Humanisme, Liberalisme en Remonstratisme het veral in die begin van die 17de eeu Gereformeerde kerke in Nederland vasgeklem. Arminius se skeefgetrekte preke oor Romeine 8 en 9 in die Gereformeerde Kerk in Amsterdam, waar die verkiesing op die vrye wil van die mens gegrond is, is maar een voorbeeld van baie, in die ou tyd, maar verseker ook vandag, waar God se lig doelbewus verdof of afgeskakel word. Hoe is dit moontlik dat 'n regdenkende Gereformeerde afdwaal van die waarheid? Dan kan ons maar net vra: is die liefde vir die waarheid werklik nog daar? En as jy die waarheid nie soek nie, as jy eiewillige godsdiens beoefen en jou eie eer soek in plaas van die eer van God, sal God jou oorgee aan 'n liberale gees om die dwaling te vertroetel ... omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En **daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat hulle geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.** (2 Thess 2:10-12)

Maar vir God se volgelinge, Sy gelowige kinders staan al die belofte van God in Sy Woord vas. Hy sal Sy kerk deur alle donkerte lei. Die HERE sal Sy lig laat skyn waar Hy wil.

Deur al die eeue se kerkgeskiedenis was die kerk al in groot moeilikheid, maar telkens stuur God weer gelowige godvresende manne wat deur Woord en Gees gelei word om die ontspoorde kerk se stukke weer op te tel ... so kan die kerkgeskiedenis getuig van John Wiclif, Maartin Luther, Ulrich Zwingli, Johannes Calvyn, Guido de Bres, John Knox, om maar net 'n paar bekendes te noem.

'n Groot oomblik, 'n Gereformeerde hoogtepunt in die geskiedenis van die kerk was die Sinode van Dordrecht wat die remonstrante vir amper 6 maande, van 13 November 1618 tot 29 Mei 1619, kop-aan-kop storm geloop het. Episcopius, die leier van die liberaliste, lewer 'n uur en 'n half-rede met buitengewone welsprekenheid waar hy venynige aanvalle op die ware gereformeerdes rig. Met 'n versoek van die sinode om sy toespraak in te dien, dien hy 'n valse stuk in waar Ds Johannes Bogerman, die Voorsitter van die Dordtse sinode sy humeur verloor en met sy laaste bietjie driftage energie die remonstrante uit die sinode verjaag. Dit het

### 3

aanleiding gegee tot die opstel van die Vyf Artikels van die Dordtse Leerreëls. En dis juis hierdie artikels wat die swakste deur die Kerk se lidmate geken word – hulle bestempel dit mos eerder as Dorre Leereëls ...

Maar ... in die donkerste tyd en stryd, gee God weer nuwe hoop. Ook in die verste uithoeke van die aarde ...

Ook in Suid-Afrika – God stuur in 1648 ‘n boodskap op die rug van ‘n stormwind, die Suidooster, en breek die Nieuwe Haarlem in stukke teen die onbekende kusrotse van Tafelbaai. Is dit sommer net? Op die einste rotse aan die kuste van Suidelike Afrika het Diaz reeds lank voor hierdie Gereformeerde stilstand van die Nieuwe Haarlem Christelike kruise geplant, maar veel meer is bedoel met die stranding van die Haarlem – God se voorsienigheid sou uiteindelik sorg dat Jan van Riebeeck die Christelike Gereformeerde Godsdienst sou indra in ‘n donker Afrika. Met die agtergrond van ‘n redelik onlangse Dordtse Sinode, maar 30 jaar terug, het die Statebybel met gereformeerde verklarende aantekeninge, die Gereformeerde Belydenisskrifte, die Liturgiese Formuliere en die Psalmboek veel meer betekenis vir die nuwe Gereformeerdes aan die Suidpunt van Afrika ingehou. Weereens is die stewigheid van die Gereformeerde Godsdienst, in teenstelling met die Remonstrante, aan die hand van die vyf solo's van die Reformasie van die 16de eeu besef:

- ***Sola Scriptura*** = die Skrif alleen
- ***Sola Gratia*** = die Genade alleen
- ***Sola Fide*** = deur die Geloof alleen
- ***Solus Christus*** = deur Christus alleen
- ***Soli Deo Gloria*** = aan God alleen die eer

Wie sou ooit kon dink dat daar nie juis ‘n stilte ná die storm in Suid-Afrika sou wees nie. Woelinge en storms was daar deurentyd. Geen stilte vir ‘n Gereformeerde ...

‘n Eerste predikant kom eers na 13 jaar in die Kaap aan by name van ds Johan van Arckel. Op 18 Augustus 1665 is die eerste selfstandige Gereformeerde Kerk in Kaapstad, met een ouderling en een diaken, gestig. ‘n Groot terugslag tref Kaapstad met die afsterwe van hul predikant, ds van Arckel, skaars 5 maande na die stigting van die eerste gereformeerde gemeente.

Die stigting van die Gereformeerde gemeente van Stellenbosch volg 12 jaar later in 1687.

Die herroeping van die Edik van Nantes in 1686 jaag ongeveer 200 Franse Hugonote vanuit Frankryk na die Kaap. Hulle eie predikant, ds. Pierre Simond, kom saam. Hulle streng Gereformeerde opvattinge het ‘n sterk invloed op die kerk in Suid-Afrika gehad. Hulle het veral ‘n hoë waarde aan Psalmsang in eredienste geheg, en

#### 4

vorentoe sou hierdie invloed juis later 'n bydrae lewer tot die Gereformeerde stryd teen die liberale mensgemaakte liedere .

Aanvanklik was akkerbou baie gewild aan die Kaap, maar later het veeteelt ander uitbreidingsmoontlikhede teweeg gebring. Veeteelt het die uitbreiding, verder weg van die Kaap gestuur en nuwe rigtings is ingeslaan. Met voordele kom daar ook nadele - die Godsdienstbeoefening en kerk-meelewing het afgeskaal weens tekorte aan kerke en predikante. In 1797 word die gemeente van Graaff Reinet gestig en dit was juis uit hierdie gemeente waar roepstemme van ontevredenheid reeds in 1833 gekom het.

Die rol wat Klassis Amsterdam in Suid-Afrika se kerkgemeentes gespeel het, was dramaties. Geen selfstandige optredes is toegelaat nie. Waar Christus die Hoof van elke gemeente moes wees, het Amsterdam se Klassis hierdie eer vir homself toegedig. Gemeentes het mekaar nie geken nie en gemeenskaplike probleme is nooit hanteer nie. Hierdie onbybelse tekortkoming het De Mist goed gepas. Na die eerste 143 jaar se Hollandse invloed in die Kaap en kort asemteug van die Britte tussen 1795 en 1803, het die Nederlandse invloed weereens vanaf 1803 tot 1806 tydens die Bataafse tydperk, 'n rukkie vlam gevat totdat die Britte in 1806 hulle tweede oorname vasgemaak het. De Mist het 'n verskriklike rol tydens die Bataafse regeringstydperk gespeel – hy was 'n liberalis van kop tot tone, wat aangeblaas was deur die liberale slagspreuk van die Franse Rewolusie - vryheid, gelyheid en broederskap en sy nuwe Kerkorde van 1803, met 52 radikale artikels, het in die Hervormde Kerkgenootskap neerslag gevind.

'n Paar liberale uitgangspunte in hierdie Kerkorde van de Mist het hom onder die ware Gereformeerdes as ongewild en gevaarlik beskou. Baie humaniste glo vandag nog soos hy geglo het - die kerk is 'n vereniging van mense – as jy wil deelneem is jy welkom, anders hoef jy ook nie. Die kerk is diensbaar aan die staat en moet goeie burgers oplewer, in plaas van Christus wat die Hoof van elke gemeente moet wees. Só is die Dordtse Kerkorde met dié van De Mist vermeng of vervang. De Mist vermy die Bybelse gebruik van God se Naam, hy skaal God laer af en verwys eerder na n Hoër wese – 'n Naam wat nie vir 'n Gereformeerde uit die Bybel geleer word nie. Die Sinode is die kerk en die gemeentes takke daarvan – 'n onding wat reeds weer 'n ruk lank sy kop uitsteek – waar is die kennis dat Christus Sy kerk regeer en nie die liggaam nie? Hy het ook 'n reuse invloed uitgeoefen op skole – neutrale staatskole moes 'n weg baan waar ouers geen seggenskap oor die opvoeding van hulle kinders het nie en waar geen godsdienst toelaatbaar is nie. En dit was reeds só in 1803 – só herhaal die liberale gees hom telkens en bring steeds meer en meer verantwoordelikheid vir die Christen Gereformeerde in die hedendaagse tyd.

## 5

Die Britse tyd vanaf 1806 het nie minder stryd vir die gereformeerdes gebring nie, in teendeel, meer. De Mist se Liberale Kerkorde het voortgeleef, staatsgesag het verskerp, kerklike vryheid as erfenis van die reformasie is ingeperk, 'n tekort aan predikante was steeds 'n realiteit en om alles te vererger en 'n skok vir die behoudende Gereformeerdes te gee, is sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en Skotse predikante ingevoer. Andrew Murray, Colin Fraser, George Morgan, Henry Sutherland en Alexander Smith moes hulle Skotse vaderland verlaat, eers in Nederland die taal aanleer en dan roete na die Kaap aanpak. Dit kan dalk hier genoem word dat meeste van die Skotse predikante Calvinistie-puriteins gedink het en dat hulle wel die Skrifwaarhede gekoester het. Hulle het immers in 'n reeds liberale tydsgees in Suid-Afrika beland.

Wanneer het die stryd teen die Gesange begin en hoekom was daar 'n stryd? Soos die Psalms skrifgetrou is en van Christus sing, so kan die mensgemaakte Gesange nie onder dieselfde kam geskeer word nie. In 1807 is die Evangeliese Gesange sonder die toestemming van die Nasionale Sinode deur sekere partikulêre sinodes in Nederlandse Kerke ingedra – en hoekom sou dit dan nie ook oor die woelige waters na Suid-Afrika oorspoel nie?

Op 15 November 1812 het die Kerkraad van Stellenbosch 'n aksie geloods waar 2000 eksemplare van die Gesangeboek bestel kon word – dis nou sonder dat dit deur 'n Kerkvergadering aan die Woord of belydenisskrifte getoets is. Uiteindelik het dit nie net by staan in die kring gebly nie, maar reeds sittende in die Liberale kring, rapporteur ds Fleck van Kaapstad op 6 Desember 1813 dat die Gesangeboeke gekom het en dat dit reeds op die tweede Sondag van Januarie 1814 in gemeentes gesing mag word - sonder om dit deur 'n kerkraad of meerdere vergadering te toets aan die waarhede van die Skrif.

Min wetende van die geboorte van 'n seuntjie op 29 November 1805 op die plaas Zwarte Water Poort (Swartewaterspoort) in die distrik Uitenhage, met die pragtige uitsig oor die hange van die Grootwinterhoekberge, het die geestelike kerkleiers van daardie tyd steeds voort geploeter om die naam van die stoere Gereformeerde Kerk te ondermyn met geskokte remonstrante optredes. Die seuntjie is ongeveer 'n jaar later op 2 November 1806 in Kaapstad gedoop en hier het sy pa Philippus en ma Aletta die doopbelofte beaam en sy naam Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte is hardop voor die gemeente in Kaapstad uitgespreek. Hy is in die Naam van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees gedoop. God se belofte by sy doop het ook vir hom waar geword ... God se genadeverbond is ook met hom opgerig, die vergifnis van sondes, die volle som, is ook vir hom bedoel gewees en hy is ook God

## 6

se eiendom gemaak ter wille van Christus. Die gebed by sy doop het voor God 'n lieflike geur geword – hy het God daaglik nagevolg, sy kruis het hy blymoedig gedra, Christus aangehang met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde ... hy het in sy aardse lewe, ook soos al sy voorgangers, 'n voortdurende sterwe beleef, maar is tog getroos, veral in sy laaste uur op sy sterfbed, met die wete dat hy sonder verskrikking voor die regterstoel van Christus mag verskyn. Sy pa en ma het *JA* gesê, want Christus het lank terug en lank vooruit Sy gelofte voor God die Vader betaal ... ***Ek wil dat U hulle wat U My gegee het, saam met My sal wees, sodat hulle My heerlijkheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld ...*** (Joh. 17:24)

Ons sing nog elke dag uit die Psalms van hierdie beloftes van God – hoor ons dit nog weerklink in ons ore en weergalm dit nog oor die berge van ons land:

***U sal my siel nie oorgee in die dood,  
my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat U gunsgenoot  
verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde- en volle vrede,  
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*** (Psalm 16:5)

Daar was volle vreugde en vrede by PJW Schutte gewees – hy het Jesus Christus se ideale vir Sy kerk nagestreef. Hy het gebid, hy het gewerk ...

God het PJW Schutte voorberei vir hierdie groot taak om uiteindelik die remonstrante spoor in die destydse Nederduitse Hervormde Kerk in Suid-Afrika, te rem en te stop. God het hom eers op militêre gebied gebrei, toe op politiese terrein voorberei en toe as kerkman gesalf om die koms van God se koninkryk op aarde spoed te gee. As ons bietjie terugstaan en sy 67 jaar op aarde aanskou, dan sien ons eers hoe God ook in sy lewe alles ten goede laat meewerk het – met die belofte: ***om uiteindelik gelykvormig aan die beeld van Sy Seun te word ...*** (Rom. 8:28-29). Dis waarom God ons 'n roeping gee – alles loop uit op een saak en dis om ter wille van Christus aan Christus gelyk te word ...

Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte, die ou Kapenaar uit die Uitenhage-distrik, se nuwe tuiste vanaf 1849 was die plaas Buffelsdoorns in die Gatsrand-omgewing, wat eers op 5 Februarie 1856 wettige eienaar van die plaas geword het. Hy was 'n gesiene man en is deur die HERE ook stoflik geseën om ook daardeur die Volksraad van Transvaal se aandag nader te trek – hy het selfs aan hulle geld geleen – en sodoende het hy die regte houvas op hulle gehad wat later nodig sou word by kardinale besluite ... so beskik die HERE selfs ons geld om Sy koninkryk te bou.



## 7

Sy rol op militêre en politieke gebied word steeds deur die nageslagte oorvertel ... PJW Schutte het hom beywer om nuwe kommandant-generaals vir Transvaal daar te stel – die hoofrede was om die vlag plundertogte en moorde in Transvaal van die barbaarse Swart stamme te stuit. In 1850 is daar drie keer probeer vir die herinstelling van hierdie strategiese militêre rolspelers, elke keer onsuksesvol en vroeg in 1851 is daar toe ingestem om 4 kommandant-generaals vir Transvaal te kies. Hulle was:

- AH Potgieter vir Soutpansberg
- AWJ Pretorius vir Magaliesberg/Mooirivier
- WF Joubert vir Lydenburg
- JA Enslin vir Marico

Die Trekkers wat maar bietjie meer as 'n jaar hier in Wes-Transvaal se soetveld hulle kom vestig het, het hulle steeds afgesloof vir die verkryging van hulle onafhanklikheid van Britse inmenging en invloed. 'n Groot gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was die Sandrivier-Konvensie. Hier op die oewers van die Sandrivier het PJW Schutte saam met die bekende staatsman, wat later diep spore veral in Transvaal sou trap, Paul Kruger, gesit en help onderhandel vir Transvaal se onafhanklikheid en vryheid. Weereens was dit die Boere en die Britte, hierdie keer in die teenwoordigheid van die Britse verteenwoordigers, WS Hogge en CM Owen, is die traktaat op 17 Januarie 1852 onderteken. PJW Schutte se rol was ooglopend en sy aansien by die ander krygsmanne opmerklik - hy is 5 maande ná die ondertekening van die Sandrivier-Konvensie as onder-kommandant van die Krygsraad verkies. Hy is van die begin af sommer as Kommandant aangespreek – of hy in amp een was, weet ons nie werklik nie, maar sy statuur het dit wel meegebring. Ook in hierdie besige politieke tyd is PJW Schutte as diaken geroep in die gemeente van ds. Andrew Murray, maar hy het nooit die roeping opgevolg nie – weereens 'n bestiering uit die hand van die HERE.

As militêre leier en groot vegter ontdek hy in 1852 dat die sogenaamde sendeling David Livingstone, wat uit die dampkring van die destydse Londense sendinggenootskap die lig aanskou het, 'n gesant in die Duiwel se hande is – hy knoei saam met een van sy bekeerlinge, Segeli, die Bakwena opperhoof, eintlik 'n wolf in skaapsklere, en vlek 'n reuse wapensmokkelary oop, met die diepste setel by die huis van Livingstone self, wat tot baie beledigings vir hom en die Boere uitgeloop het. As jou gewete jou aankla, gee jy baie kere die skuld vir ander om jou eie sonde te verdoesel. Weereens werk PJW Schutte teen die Duiwel se planne en verongeluk Livingstone se onheilige vooruitsigte.

## 8

Omdat hy 'n militêre strateeg was, het hy baie suksesse in die veldtogte teen swart stamme gehad wat daarop uit was om die Boere te terg deur hulle vee te steel, ander besittings te roof en te moor. Hy het met baie voorstelle gekom, selfs by die stigting van nuwe krygsrade het hy 'n beduidende rol gespeel - dit het onder andere meegewerk dat hy as lid van die Volksraad op 5 Januarie 1857 verkies is, met groot blydskap van MW Pretorius. Hierdie einste Pretorius sou later in 'n saak teen ds Dirk van der Hoff, enigste predikant van die Nederduitse Hervormde Kerk tot op hede, sy rug op hom draai, wat gehelp het dat die moontlikheid sterker geword het om 'n eie predikant uit Nederland te beroep. Van der Hoff wou eie eer vir homself toe-eien en nog 'n predikant sou dalk vir hom 'n bedreiging gewees het in sy visie vir 'n een-man-kerk. PJW Schutte was nie lank lid van die Volksraad van Transvaal nie – hy, in navolging van MW Pretorius, het op 7 Maart 1857 bedank – onverklaarbaar, want duidelikheid daarvoor was in 'n notule wat net weggeraak het, of is die notule dalk vir altyd deur die liberales verbrand – net die HERE sal weet waarom daardie notule weggeraak het, maar ten voordeel was die versnelling in aksies wat uitgeloop het op die stigting van die Gereformeerde Kerk op 11 Februarie 1857 onder 'n seringboom op Rustenburg – vandag 159 jaar gelede. Schutte se aandag was beslis dringend nodig om op geestelike sake te fokus – sy voorwerk as militêre vegter en politieke leier het verbygespeel – en sy tyd op aarde het ook einde se kant toe gestaan.

... en só het baie gebeure en geskiedkundige oomblikke meegewerk dat PJW Schutte uiteindelik op 5 Oktober 1857 as ouderling in die Nederduitse Hervormde Kerk van Potchefstroom geroep is en daar teen 'n ander vyand, 'n baie gevaarliker een, te veg - teen 'n liberale gees wat ons vandag nog in 'n erger mate sien. Waar is die manne wat vandag vorentoe gaan tree, soos PJW Schutte van ouds dit gedoen het? Waar is die manne wat die HERE gaan roep en stuur ...

PJW Schutte se gebede is verhoor – op 7 November 1858 preek die langverwagte eie Nederlandse predikant, ds Dirk Postma, in sy eie opstal op Buffelsdoorns sy eerste preek in Transvaal. Tot die aand van 9 November is daar sekerlik by kerslig diep dinge tussen die opstalmure van Buffelsdoorns gesels en bespreek. Op 10 November 1858 het ds Postma verder na Rustenburg gereis – die uiteindelige plek wat voorberei sou word vir die herstigting van die Gereformeerde Kerk. Só berei die HERE die tafel voor en die tyd word al ryper ...

Op 10 en 11 Januarie 1859, met die sitting van die Algemene Vergadering van die Nederduitse Hervormde Kerk in Suid-Afrika, was die skrif teen die muur. Liberalisme sal in die Nederduitse Hervormde Kerk van daardie tyd bly, al die Gesange sal



## 9

voortaan ten hemele opklink in die kerk sonder dat dit weereens aan die waarheid, aan die Woord, getoets is. 'n Besluit is geneem en toetsing is nie nodig nie ... dit klink maar baie soos sake vandag ook maar geskied. Hiermee kan die Doppers hulle nie mee vereenselwig nie ... Doppers, wat afgelei is van dorpenaars (in teenstelling met stedelinge) of dempers, was 'n skeldnaam wat die Liberales teen die konserwatiewes ingespan het om hulle af te kraak as verkrampes. Die naam het reeds in 1833 onder die Trekkers posgevat, omdat hulle toe al gekant was teen die sing van Gesange. As gevolg van toenemende ongelukkigheid is 'n skeidingsakte op 12 Januarie 1859 deur 15 broeders onderteken, met PJW Schutte se handtekening eerste daarop.

Die Gereformeerde Kerk is na lange worsteling uiteindelik onder 'n groen seringboom in Rustenburg op 10 Februarie 1859 gestig. Uit 310 lidmate het 36 lidmate van Mooirivier, wat sekerlik deur PJW Schutte goed bearbei en voorberei is, die luisteryke geskiedkundige geleentheid in Rustenburg bygewoon. PJW Schutte is by die geleentheid as ouderling en PA Venter as diaken van die Mooirivier-gemeente verkies.

Die sing van Psalm 119:17 het die voëls in die ou seringboom op Rustenburg verjaag:

***As ek sien die wetverlaters,  
Kom daar skrik in my gemoed,  
En 'n heilige vuur van ywer  
Laat dit opbruyis in my bloed.  
Want u wet wat hul verwerp het,  
In hul agtingwaardeloos,  
Is die stof van my gesange,  
Op my pelgrimspad my troos.***

... en dit was ook 'n troos vir PJW Schutte, maar ook vir al die ander gereformeerdes, wat hierdie Psalm op daardie dag uit volle bors, oor Gatsrant en die Magaliesberg heen, opwaarts na die hemele laat klink het. Die HERE het gebede verhoor ... Die HERE het Sy Kerk bewaar.

Jesaja 62, wat oor die ***Verheerlikte Jerusalem*** handel, is deur ds Dirk Postma gelees

—  
***Ter wille van SION sal Ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie, totdat sy geregtigheid uitbreek soos 'n glans en sy heil soos 'n fakkel wat brand ... En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die HERE; en jy sal genoem word: die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie.*** (Jes. 62:1 en 12)

## 10

Die HERE sal weer nie swyg nie en Hy sal weer nie stil wees oor die Gereformeerde KERK se leer en lewenswandel nie. Weereens torring ons aan die berymde Psalms, wat deur Totius in Afrikaans, in ons eie taal, direk uit die Bybel – die ware Woord van God – berym is. Weereens raak die liberale liedere ‘n gunsteling in ons kerke, alweer is ‘n menigte nuwe liedere op die afgelope Algemene Sinode van die GKSA ingestem. Is ons die heilige volk waarvan daar ook by die stigting van die Gereformeerde Kerk, 159 jaar gelede, geles is? *Heilig* beteken dan *afgesonder* – ons moet ons ook beywer vir afsondering as dit gaan oor liberale invloede van buite ... as dit gaan oor die insypeling van liedere wat nie aan die Woord van God getoets is nie of sommer net teen die Waarheid sing ...

Hierdie ywer vir die waarheid het ook in PJW Schutte tot sy dood toe geleef. Ons sien dit ook in sy betrokkenheid by die plaaslike Gereformeerde kerk van Potchefstroom. Vier jaar na die stigting van die Gereformeerde Kerk, op 17 April 1863, met die eerste amptelike Kerkraadvergadering van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom is PJW Schutte as skriba verkies – ‘n diens wat hy tot 22 Oktober 1873 (nog tot 18 dae voor sy dood), met volgehoue ywer vervul het.

PJW Schutte is op 9 November 1873 op sy plaas Buffelsdoorns oorlede. Hy het die wil van Sy Vader gedoen:

***Net om U wil te doen soos in U Boek  
die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan,  
dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.  
Ek bied U hart en hande  
in wilge offerande –  
al wat ek is en het;  
diep in my ingewand  
waar liefde en ywer brand,  
draag ek u heilge wet.***

(Psalm 40:4)

Mag ons ook soos die psalmdigter Dawid van ouds U wil doen soos in U Boek opgeteken is. Mag ons dit van ganser harte seek, omdat dit diep in ons ingewande met liefde en ywer brand ...

MA Buys (9/2/2018)

## Bronne:

- Die Bybel. 1933/53-vertaling
  - Die berymde Psalms en Skrifberymings
  - V.E. d'Assonville. 1992. Gids vir Kerkgeskiedenis
  - D'Assonville. 2003. Stellenbosch 1812 – Rustenburg 1859 – Potch 2003: Die stryd rondom die suiwer Psalmboek. Esra Versalg 1859?
  - Van der Walt, H.S. 2008. Kerkwees en Getuienis
  - Van der Vyver, G.C.P. 2008. Ds Dirk Postma – God voorsien in 'n uur van nood. Uit: Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959.
  - Du Plessis, WP. 1984. Philippus Jacobus Wilhelmus Schutte as kerkman
- Internet-bronne:
- \*<https://www.geni.com/people/Philippus-Jacobus-Wilhelmus-Schutte-b1c4d6/600000006382244116>
  - \*<https://proregno.com/2015/05/04/preek-jak-214-26-geloof-alleen-red-maar-die-geloof-wat-red-is-nie-alleen-nie-deel-1/>
  - \*<http://www.nhka.org/index.php/wie-is-ons-11/kort-geskiedenis.html>
  - \*<https://hts.org.za/index.php/hts/article/view/4561/10229>
  - \*[https://af.wikipedia.org/wiki/Flip\\_Schutte](https://af.wikipedia.org/wiki/Flip_Schutte)
  - \*<https://www.wikitree.com/wiki/Schutte-70>
  - \*<http://www.onegreatfamily.com/fh/Philippus-Schutte/554578684>
  - \*[http://www.christelikemedia.org/sites/default/files/20160198%20-%20Du%20Plessis%20W\\_PJW%20Schutte%20'N%20Leier%20Van%20Formaat.pdf](http://www.christelikemedia.org/sites/default/files/20160198%20-%20Du%20Plessis%20W_PJW%20Schutte%20'N%20Leier%20Van%20Formaat.pdf)
  - \*<https://www.stamouers.com/stamouers/surnames-r-to-u/451-schutte-christiaan-ernst>
  - \*[zakerna.homestead.com/files/Ancestors/.../15CESchutte.doc](http://zakerna.homestead.com/files/Ancestors/.../15CESchutte.doc)
  - \*<http://samilitaryhistory.org/vol101ev.html>
  - \*[http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci\\_arttext&pid=S1015-87582016000100012](http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S1015-87582016000100012)
  - \*<https://www.gksa.org.za/>
  - \*<https://www.gksa.org.za/pdf2017/Ontstaan%20van%20die%20Gereformeerde%20Kerke%20in%20Suid-Afrika.pdf>